

BOERhier

'n Boer is gekies deur God

GRATIS

Uitgawe 92

25 Maart 2024

www.boerhier.co.za



Nooitgedacht en Kasteel se Herfsveiling



INHOUD

- 4 Nooitgedacht en Kasteel se Herfsveiling
- 8 Bosluisverlamming veroorsaak deur Karoo-verlammingsgbosluis
- 13 Rekords spat by die 191ste Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe
- 17 Damvlakke
- 19 Dis mos (goedkoper) mielies
- 24 Monitor die Gesondheid van Varke
- 30 Vat so beurtkrag! Sonkrag verlig nou dié dorpe
- 36 Kruipvoeding van lammers
- 41 Hoe om beeste reg in te sput
- 45 Landbou as beroep – Suid Afrika
- 51 Lugvog uit die atmosfeer as lopende water – Suid Afrika
- 55 Het jy geweet?
- 56 Veilings (tot bl. 60)
- 61 Resep: Crockpot Chicken Cordon Bleu
- 62 Tag ons in jou foto's
- 64 Wat sê die Markte
- 64 Vorige Uitgawes

Artikels saamgestel deur BOERhier en Zanmari Crous, AffiePlaas Fotografie en Christine Vosloo Fotografie, in samewerking met die adverteerders.

Ontwerpe en samestelling gedoen deur BOERhier.

Bemarking en kliëntediens word behartig deur BOERhier span.

Kopiereg van BOERhier word streng voorbehou.

Vir verdere navraag, kontak:
[073 895 6392](tel:0738956392) of e-pos
info@boerhier.co.za

Besoek ons webtuiste
www.boerhier.co.za en
www.farmhere.co.za

Inligting verskaf vir advertensie en artikels in BOERhier is ontvang vanaf adverteerders.

BOERhier word gevrywaar van enige verliese of beserings wat kan plaasvind. Lesers word aanbeveel om navorsing te doen voordat 'n transaksie behartig word en 'n produk gebruik word.



Kliek op die pyltjie vir die inhoud bladsy



Kliek op die ikoon om die video te kyk



Foto: Christine Vosloo Fotografie

Baadjie opofferende liefde

Die Bybel sê: 17 Teenoor julle mede-Christene moet julle liefdevol en lojaal wees. Dis een van die makliker opdragte van die Bybel, of so het ek eers gedink, totdat ek die vers 'n bietjie oordink het.

By die besigheid moes ons 'n spesiale venster voorsien vir 'n skool. Dit was baie unieke vensters en nie deel van ons standaard reeks nie. Enige produk wat nie standaard is nie, neem baie tyd en energie om te ontwerp en te produseer. Natuurlik jaag dit ook kostes tot teen die dak.

Ek kom ooreen met die kontrakteur, maar met die betaalslag is daar heeltyd stories. Later gaan sien ek die argitek. Hy is ook 'n kind van die Here. Ons sleep mos aan dieselfde pakkie. Hy sal verstaan.

Maar ek kom ook daar nie reg nie. Derduisende rande is by die drein af. Ek kry baie seer, want wanneer jy aan die hoof staan van 'n besigheid, staan jy gewoonlik laaste in die ry wanneer salarisste betaal word. As daar nie is om uitgedeel te word nie, duik 'n bonus of selfs iets meer in die hek.

Sien jy hoekom ek sê dis nie altyd so maklik om jou Christen broer of suster te bedien met 'n pakkie *no matter what* liefde nie? Wanneer 'n broer of 'n suster jou in die tandé skop, kom die naels uit.

Dis menslik.

Om liefde te gee, beteken om iets op te offer. Soms onder dwang. Linda (skuilnaam) vertel die mooi storie van haar ma. Selfopofferende liefde met 'n mooi einde:

"My ma, Cora is gebore in 1921. Sy was die oudste van 9 kinders. Hulle het groot geword op 'n plaas in die Overberg."

Eenoggend, baie vroeg, kom 'n plaasvrou na my Oupa en Ouma se woning. Die vrou vertel vir my ouma dat haar seun die volgendeoggend vroeg per trein na Worcester moet vertrek. Sy vra vir Ouma of sy nie 'n baadjie vir haar

seun het om aan te trek nie. Dis nou so koud soggens. Ouma sê vir haar dat sy net 'n rukkie moet wag totdat haar oudste seun van die melkstalle af huis toe kom.

Toe Gerhard by die huis kom, sê sy ma (my ouma) vir hom: "Gerhard, trek asb. jou baadjie uit en gee dit vir die vrou."

Gerhard sê: "Mamma, en wat van môreoggend as ek 4:00 in die koue moet uitgaan om die koeie te melk?" Ouma sê net: "Gerhard, die Here sal voorsien."

Gerhard trek sy baadjie uit en oorhandig dit aan die vrou. Sy het ouma vreeslik bedank en is met die baadjie weg na haar seun.

Later, dieselfde middag, kom bekendes na Ouma toe met 'n sak vol baadjies. Hulle het kaste uitgepak en besluit om die baadjies wat hulle nie meer gebruik nie na my ouma te neem. Daar kry haar vyf seuns elkeen 'n baadjie as geskenk. Ouma het oorgeloop van vreugde. Ouma het die seuns se enigste baadjie vir die seun gegee wat per trein Worcester toe moes gaan en die Here het gesorg dat haar vyf seuns elkeen 'n baadjie ontvang."

Baadjie opofferende liefde. Ja, ons moet lief wees en lojaal wees. God sal êrens langs die pad voorsien!

Teks

1 Petrus 2:13-17

Om oor na te dink

- Is daar mense wat jou in die tandé geskop het?
- Hoe kan jy weer vir hulle lief wees?
- Hoe leef 'n mens liefde uit?

Gebed

Vader, ek weet ek moet vir almal lief wees, maar selfopofferende liefde is geen maklike taak nie. Heilige Gees, help my asseblief om mededeelsaam te wees en eers aan ander te dink voordat ek aan my eie behoeftes dink. Ek vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Nooitgedacht en Kasteel se Herfsveiling



Drome en doelwitte wat realiseer is sekerlik van die mees vervullende ervarings in landbou. Nooitgedacht en Kasteel kom al jare saam. Vriendskap, braaivleisvure en skaapkrale is die plek waar daar gepraat en geslyp is aan telingsdoelwitte en strategieë om die doelwitte te laat realiseer.

Charl Saunderson van Nooitgedacht Dorperstoet en Dries en Pieter Wiese van Kasteel Wit Dorpers, se drome het gerealiseer in 'n reeks veilings, Herfsveiling in Upington, Winterveiling in Kimberley en die Kasteel Lenteveiling, die tradisionele Kasteel veiling op die plaas Kasteel, in Loxton.



Die droom is om met baie mooi, vrugbare en funksionele diere te boer en om sulke diere te teel. Mooi diere, diere wat aan die ras standaarde voldoen, diere met bo-gemiddelde prestasie, syfersdiere wat tussen 450 en 500 dae die eerste keer lam, self lam, maklik lam, in die veld lam, lammers wat geil groei en ooie wat tussen 270 en 300 dae weer herbeset raak, vorm dan ook die seleksie beleid. So word jong ooie wat dit nie kan doen nie uitgeskot en volwasse ooie mag een "vakansie" vat of dan oorslaan in hul produktiewe leeftyd, die tweede en laaste vakansie word in

die abbatoir gehou. Volwasse ooie se interlam periode word bestuur om 270 tot 300 dae te handhaaf. Die bestuurstelsel is ingestel daarop om 4 lam seisoene in 'n 3 jaar sirklus te laat realiseer. Die benadering verseker dat daar met hoogs produktiewe diere geboer word. Binne ons ervaring is 270 tot 300 dae interlam periode volhoubaar in normale veldtoestande in ons streek. Ons ervaring is ook dat soos wat ons die interlam periode korter gemaak het, het die meerlinge minder geword en die "vakansies" ook meer. Produsente se ervaring hiervan sal verskil van distrik tot distrik en veldtoestande. Veldtoestande het uit die aard van die saak ook 'n invloed op meerlinge en "vakansies". Ons fokus voortdurend daarop om net met aangepaste diere te boer en te teel. Diere wat nie net op die veld aangepas is nie, maar ook aangepas is by ons bestuur stelsel en telingsdoelwitte.



Hierdie drome en doelwitte is geformuleer met ons kliënte se volhoubare sukses as primêre dryfveer. Om ramme te teel wat vir ons kliënte ooie sal teel wat hoogs vrugbaar is, lam gemak waarborg, swaar lammers met goeie bouvorms speen en vining weer herbeset raak is Nooitgedacht en Kasteel se manier om ons kliënte te help om finansieël volhoubaar en gesond te kan boer selfs in die hardste en droogste dele van ons land. Hierdie eienskappe skep ook reeds vir 'n geruime tyd groot aanvraag in die buiteland, met goeie terugvoer uit die binne- en buiteland. Hierdie boublokke is vir ons van uiterste belang, want ons leef en boer met die sekere wete dat ons net 'n volhoubare toekoms het solank ons diere teel wat ons kliënte in staat stel om volhoubaar en finansieël suksesvol te boer.

Ons aanbieding vir die Herfsveiling om 11h00 op 5 April 2024 op die Upington Skougronde sluit Dorpers, Wit Dorpers, Van Rooy, Persies en Boerbokke in om sodoende elke se kliënt se spesifieke behoefte suksesvol aan te aanspreek en te vervul. Al die ramme is vir Brucella Ovis en vrugbaarheid getoets om ons kliënte se reg op siektevrye en vrugbare ramme te respekteer.

Die inspeksie van die diere is op Woensdag 3 April 2024 om 9h00 en ons nooi u hartlik uit om dit by te woon. Ons het senior manne genooi en u kan hulle vrae vra oor die dier van u keuse. Op die dag van die veiling is daar 'n broodjie vir die van u wat al vroeg wil kom en daar sal ook 'n lekker middagete wees voor u vertrek.

Die veiling val ook saam met die Upington se Landbou Expo en ons het met KLK gereël dat hulle u veilingsdiere na hul voerkraal sal vervoer en daar sal versorg tot wanneer u hulle wil gaan oplaai teen R30-00 per dier per dag om u in staat te stel om die skou saam met u gesin te geniet. Tye vir Saterdag oplaai sal voor die veiling begin bespreek en aangekondig word vir u en die amptenare wat moet oopsluit en help laai se gerief.

Navrae kan gerig word aan:

Charl Saunderson 082 414 6146

Dries Wiese 082 809 2949

Pieter Wiese 082 868 4828

Stiaan (BKB) 082 844 6604

Daan Bosman 082 929 8406

**Beste Wense, veilig ry, sien
u by die Herfsveiling en
Upington Landbou Expo.**





ADVERTENSIE TARIEWE



Een prys om in al 3 maandelikse tydskrifte te adverteer

- Volblad Advertensie = R5 500 per maand
- Halfblad Advertensie = R4 500 per maand
- Artikel = R1 500 per tydskrif
- Artikel & Volblad Advertensie = R6 000
- Voorblad paket = R9 500
- Voorblad = R3 500

Bg. advertensies sluit in: Advertensie weekliks op ons 22 sosiale media platforms

Opstel van advertensies beskikbaar @ addisionele koste
(Terme & Voorwaardes geld)

Uitgawe datums:

- BH Veilings 5de
 - FARMhere 15de
 - BOERhier 25ste
- van elke maand**

BOERhier / FARMhere gee God al die eer vir ons volgehoue sukses.

Kontak ons:

(0) 73 895 6392 | (0) 71 704 6282

info@boerhier.co.za

www.boerhier.co.za



Water is the essence of life, and our products ensure its conservation for generations to come.



We specialise in:

HDPE Damlinings

PVC Liner

Sement Damliner

Kuilvoer Seile

Mesh Damme

Dam Nette



076 062 4272



ANDRE@DAMLININGS.CO.ZA

Bosluisverlamming veroorsaak deur Karoo-verlammingsbosluis

Bosluisverlamming is 'n toestand wat veroorsaak word deur verskeie bosluise en sluit die karoo-verlammingsbosluis (*Ixodes rubicundes*), die rooi-pootbosluis (*Rhipicephalus evertsi evertsi*) en die bruin verlammingsbosluis (*Rhipicephalus warburtoni*) in. Bosluisverlamming wat veroorsaak word deur die karoo-verlammingsbosluis kom meer algemeen voor in Suid Afrika.

Die karoo-verlammingsbosluis is 'n meergasheerbosluis met 'n spesifieke verspreiding in Suid-Afrika. Karoo-verlammingsbosluse word in gebiede van die Karoo, die suidelike en westelike kusstreke, klein gedeeltes van Gauteng en Mpumalanga en die suidelike Vrystaat aangetref.

Die bosluise verkies koeler suidelike hange van bergagtige terrein. Sekere plantspesies insluitend olienhoutbome (*Olea Africana*), besembos (*Rhus erosa*) en suurpolgras (*Merxmeullera distichia*) word geassosieer met die voorkeurterrein waar hierdie bosluise voorkom. Die natuurlike gasheer vir die volwasse bosluise is rooikatte en hulle word ook op rooi ribbokke aangetref. Die onvolwasse stadiums verkies klaasneuse, rooi klipkonyne sowel as rooikatte as gashere. Die volwasse

stadiums sal ook maklik skape sowel as bokke, kalwers en bokke besmet.

Die volwasse bosluise is die aktiefste tussen herfs en lente. Meeste gevalle van bosluisverlamming kom tussen April en Mei voor wanneer temperature laag is, en die toestande effens clam is.

Die bosluise heg verkieslik aan die onderlyf en die ledemate van skape. Die wyfiebosluise produseer 'n gifstof wat tot verlamming van die ledemate lei, en indien dit onbehandel bly kan diere vrek weens verlamming van die asemhalingssisteem en asemnood. Die effek van die gifstof is dosis-afhanklik, en dus word kleiner of jonger diere meestal die ergste aangetas.

Maxipour

Reg. Nr. G3567 Wet 36/1947

NSO V05/18.3.3/287 Wet 13/2003

MAAK KAROO-VERLAMMINGS BOSLUIS MORSDOOD

Gereed-om-te-gebruik
opgietsmiddel geregistreer vir
karoo-verlammingsbosluis



Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.



Daar is geen spesifieke behandeling behalwe die verwydering van die bosluise met 'n dipmiddel en simptomatiese behandeling (hidrasie met vloeistowwe en elektrolyte).


Bosluisbehandeling met dipmiddels en weidingbestuur is die sleutel om hierdie toestand te voorkom. Strategiese bosluisbehandeling met dipmiddels gedurende die herfs tot lenteperiodes wanneer die karoo-verlamminsgbosluise die aktiefste is, moet uitgevoer word. Die areas op die liggaam waar hierdie bosluse verkieks om te heg moet spesifiek geteiken word. Jong diere moet veral strategies behandel word om bosluisbesmetting te voorkom.

Suidelike hange moet gedurende laat herfs tot vroeë lenteperiodes vermy word om die kans op kontak met hierdie bosluse te verminder.

Identifisering van simptome van verlamming en behandeling om die bosluse van die aangetaste dier te verwijder, moet so gou moontlik uitgevoer word om enige onnodige vrektes, veral by jong diere, te voorkom.

Verwysings:

1. WALKER, A.R., BOUATTOUR, A., CAMICAS, J.L., ESTRADA-PENA, A., HORAK, I.G., LATIF, A.A., PEGRAM, R.G. & PRESTON, P.M. 2014. Chapter 3: genera of Ticks. In: *Ticks of Domestic Animals in Africa: a Guide to Identification of Species*. Edinburgh: Bioscience Reports: 29-44.



Cattle dipping procedure using a Pour-on remedy applied with measure & pour bottle



FOR EXTERNAL ANIMAL USE ONLY
SLEGS VIR UITWENDIGE DIEREGEBRUIK

MAXIPOUR

Reg. No./Nr. G3567 Act/Wet 36/1947
NS0 V05/18.3.3/287 Act/Wet 13/2003

25 ℥

KYRON

Batch No.:

Expiry Date:



KAH-BL113F2022/1

**READY-TO-USE
POUR-ON FOR TICKS
ON CATTLE, SHEEP,
OSTRICHES AND
GAME**

**GEREED-VIR-GEbruIK
OPGIETMIDDEL VIR
BOSLUISE OP BEESTE,
SKAPE, VOLSTRUISE
EN WILD**

Controls ticks on cattle, sheep, ostriches and game.

✓ Beheer bosluse op beeste, skape, volstruise en wild.

Controls Tsetse fly worry on cattle.

✓ Beheer Tsetsevlieg plae by beeste.

Controls feather mite on ostriches.

✓ Beheer veermyte op volstruise.

Sterilises female ticks.

✓ Steriliseer wyfiebosluse.

Easy application.

✓ Maklike toediening.

Residual action.

✓ Nawerking.

Non-systemic action.

✓ Nie-sistemiese aksie.

The product is rainfast.

✓ Die produk is reënvast.


HARMFUL / SKADELIK

Contains / Bevat:

Flumethrin / Flumetrien 1 % m/v



Registration holder/Registrasiehouer:
Kyron Animal Health (Pty) Ltd., Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C,
45 Parkview street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31,
Centurion, 0157, South Africa, Tel: 0861 247 463





ENTSTOF REEKΣ

TEIKEN
SPECIES

INDIKASIES

DOΣIS

AANBEVELING

ONTREKKING

VERPAKKING



Trio-Sure

Reg. Nr. G4242 Wet 36/1947
NSO/V18/24.4/1439 Wet 13/2003
Beeste & Skape:

- Immunisering teen:
- Miltsiekte
 - Lamsiekte
 - Sponssiekte

Beeste:
5 ml / dier
Onderhuids

Skape:
3 ml / dier
Onderhuids

Beeste:

- Ent op 'n ouderdom van 4 - 6 maande
- Skraagdosis 4 - 6 weke later
- Jaarliks (ideaal 6 weke voor kalf in verse / koeie)

Skape:

- Ent op 'n ouderdom van 3 - 4 maande
- Skraagdosis 4 - 6 weke later
- Jaarliks

Vleis: 21 dae
Melk: Geen

- 50 ml
- 250 ml

Samestelling:
Bacillus anthracis ongekapsuleerde avirulente stam Sterne 34F₂ lewendige spore,
Clostridium botulinum type C1 + C2 & type D toksoledes
Clostridium chauvoei anakulture.



Botu-Sure ANTHRAX VACCINE

Reg. Nr. G4258 Wet 36/1947
NSO/V18/24.4/1436 Wet 13/2003
Beeste & Skape:

- Immunisering teen:
- Miltsiekte
 - Lamsiekte

Beeste:
4 ml / dier
Onderhuids

Skape:
2 ml / dier
Onderhuids

Beeste:

- Ent op 'n ouderdom van 4 - 6 maande
- Skraagdosis 4 - 6 weke later
- Jaarliks (ideaal 6 weke voor kalf in verse / koeie)

Skape:

- Ent op 'n ouderdom van 3 - 4 maande
- Skraagdosis 4 - 6 weke later
- Jaarliks

Vleis: 21 dae
Melk: Geen

- 50 ml
- 250 ml

Samestelling:
Bacillus anthracis ongekapsuleerde avirulente stam Sterne 34F₂ lewendige spore,
Clostridium botulinum type C1 + C2 & type D toksoledes
Clostridium chauvoei anakulture.



Deca-Sure

Reg. Nr. G4280 Wet 36/1947
NSO/V19/24.4.2/1443 Wet 13/2003
Beeste & Skape:

- Immuniseerende teen:
- Rooiderm
 - Bloedpens
 - Nekrotiese enteritis
 - Bloednier
 - Kwaadaardige edeem
 - Aansteeklike nekrotiese hepatitis
 - Klem-in-die-kaak
 - Skielike sterfte sindroom
 - Sponssiekte
 - Bassillêre hemoglobinurie

Beeste:
5 ml / dier
Onderhuids

Skape:
3 ml / dier
Onderhuids

Beeste:

- Ent op 'n ouderdom van 4 - 6 maande
- Skraagdosis 28 - 30 dae later
- Jaarliks (ideaal 6 weke voor kalf in verse / koeie)

Skape:

- Ent op 'n ouderdom van 3 - 4 maande
- Skraagdosis 28 - 30 dae later
- Jaarliks (ideaal 6 weke voor lam in oorie)

Vleis: 21 dae
Melk: Geen

- 100 ml
- 250 ml

Samestelling:
Gesuiwerde en gekonsentreerde toksoledes van:
Clostridium perfringens Type A
Clostridium perfringens Type B
Clostridium perfringens Type C
Clostridium perfringens Type D
Clostridium septicum, *Clostridium novyi* Type B
Clostridium tetani, *Clostridium sordelli*,
Clostridium novyi Type D
Clostridium chauvoei anakulture



Ovi-Clos P

Reg. Nr. G4261 Wet 36/1947
NSO/V18/24.4.2/1435 Wet 13/2003
Skape & Bokke:

- Immunisering teen:
- Bloednier
 - Kwaadaardige edeem
 - Klem-in-die-kaak
 - Sponssiekte
 - Long- en septisemiese pasteurellose

Skape:
2 ml / dier
Onderhuids

Goats:
2 ml / dier
Onderhuids

Skape & Bokke:

- Ent op 'n ouderdom van 2 - 3 maande
- Skraagdosis 28 - 30 dae later
- Jaarliks (ideaal 6 weke voor lam in oorie)

In gebiede met 'n hoë siekte risiko word n enting elke 6 maande aanbeveel

Vleis: 21 dae
Melk: Geen

- 100 ml
- 250 ml

Samestelling:
Gesuiwerde en gekonsentreerde toksoledes van:
Clostridium perfringens Type D
Clostridium septicum, *Clostridium tetani*
 Integrale anakulture van *Clostridium chauvoei* &
Mannheimia haemolytica



* Die plakkaat is slegs 'n opsomming – raadpleeg asseblief die relevante voubiljet vir volledige produk informasie.

Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk, Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview straat, Highway Business Park, Roohuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika, Tel: 0861 247 463.

Botswana Listing No: BV2100442/A/B
Category of Distribution: POM

Botswana Listing No: BV200500/A/B
Category of Distribution: POM

Botswana Listing No: BV200498/A/B
Category of Distribution: VPS

Botswana Listing No: BV20035/A/B
Category of Distribution: VPS

KAH/03/A/2023/1



SAKELIGA

KragDag

Wes-Kaap



Daar is 'n alternatief!



Prospektus 2024

21-23 Maart 2024

Mediavrystelling

7 Maart 2024

Rekords spat by die 191ste Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe



Die suiwelbedryf het vanjaar die rekords laat spat by die 191ste Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe. Die beoordeling van dié nasionale suiwelkompetisie, die grootste en oudste in Afrika, het op Donderdag 7 Maart 2024 by Eensgezind buite Durbanville afgeskop en duur tot Vrydag 8 Maart.

'n Rekordgetal van 78 suiwelvervaardigers het vanjaar 'n rekordgetal van 1 029 suiwelprodukte ingeskryf. 'n Paneel van 86 beoordelaars het die taak om hierdie groot getal produkte oor twee dae te beoordeel.

Volgens Breyton Milford, Hoofbestuurder van Agri-Expo, wat sedert 1834 die kampioenskappe aanbied, is dit 'n voorreg om die topgehalte van die suiwelbedryf deur hierdie prestige-landbougeleenthed ten toon te stel. "Die rekordgetal inskrywings wys hoeveel vertroue bedryfrolspelers in hierdie kompetisie het om 'n maatstaf vir uitnemendheid daar te stel," sê Milford.



Die kampioenskappe is gekenmerk deur strawwe mededinging volgens die hoofbeoordelaar Graham Sutherland. "Ons inskrywings het vir die eerste keer die 1000-kerf verbygesteek," verduidelik Sutherland. "Aan die einde van die eerste dag kan ek rapporteer dat die gehalte van die kaasinskrywings van 'n baie goeie standaard was. Die kampioenskappe moedig innovasie aan, en ons het vanjaar weer ervaar dat ons passiewolle en toegewyde vervaardigers geweldig baie moeite doen om hul produkte hier uit te stal."

Volgens Sutherland is 'n kompetisie van hierdie aard en omvang kompleks. "Daarom het ons vyf beoordelaars per kategorie wat gekies word uit die breë suiwelbedryf, waaronder kaasmakers, gehaltebestuurders, voedseltegnoloë en bemarkingskenners," sê Sutherland, wat as voedseltegnoloog self jarelange internasionale ervaring in die sensoriese evaluering van suiwelprodukte het. "As gevolg van die rekordgetal inskrywings moet ons nou meer as 5 000 puntelyste vasvang om die eindresultate te bepaal."

Qualité – die enigste merk van uitnemendheid in die suiwelbedryf



Die SA Suiwelkampioenskappe bestaan uit meer as 100 klasse vir kaas, jogurt, melk, room, roomys, botter en ander suiwelprodukte. Elke klas het 'n wenproduk wat met die titel van SA Kampioen bekroon word. Die Qualité-merk van Uitnemendheid, die suiwelbedryf se enigste merk van uitnemendheid, word slegs toegeken aan uitgesoekte produkte van uitsonderlike gehalte wat 'n spesifieke minimum punt op die internasionale telkaart behaal het. Die produk wat die hoogste punt behaal, word as Produk van die Jaar gekroon.

Milford het Agri-Expo se dankbaarheid uitgespreek vir die ondersteuning van vennote wat die SA Suiwelkampioenskappe moontlik. "Ons is bly om 'n nuwe driejaar-platinumvennootskap met IMCD en DSM aan te kondig, saam met ons diamantvennote Chr.Hansen en Synercore, goue vennote Checkers, Orchem, IFF, Woolworths, en die Wes-Kaapse Departement van Landbou, silwervennote Condio en Pick n Pay, sowel as brons vennoot Mane."

Linda Segalla van IMCD Suid-Afrika het hul verbintenis uitgespreek om uitnemendheid in die suiwelbedryf te ondersteun en innovasie en kwaliteit te bevorder. "Ons verbintenis tot die Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe vir die volgende drie jaar weerspieël IMCD se langtermyn toewyding om groei en erkenning binne die suiwelgemeenskap te bevorder," sê Segalla. "Met ons kundigheid en toewyding tot die bedryf, is IMCD die perfekte vennoot om te help om die mark tot nuwe hoogtes te neem."

Vir meer inligting, besoek <https://cheesesa.co.za/>, skakel 021-863-1599 / 083-440-1628, of stuur 'n e-pos aan dairy@agriexpo.co.za.

DairyJudging-137 Hoofbeoordelaar Graham Sutherland, Alrina Fourie van die platinumvennoot DSM, Breyton Milford, Hoofbestuurder van Agri-Expo en Hanzubeth Labuschagne van die platinumvennoot IMCD tydens die beoordeling van die 191ste SA Suiwelkampioenskappe, wat van Donderdag 7 tot Vrydag 8 Maart 2024 by Eensgezind, Durbanville, deur Agri-Expo aangebied word. Foto: A Gorman Photography

DairyJudging-1 Altesaam 1 029 produkte van 78 Suid-Afrikaanse suiwelprodusente het oor twee dae, van Donderdag 7 Maart tot Vrydag 8 Maart 2024, by Eensgezind buite Durbanville, tydens die 191ste SA Suiwelkampioenskappe om die aandag van 86 beoordelaars meegegeding. Foto: A Gorman Photography

DairyJudging-35 Die room van suiwelkenners in die land het in Durbanville byeengekom vir die beoordeling van die 191ste SA Suiwelkampioenskappe, die grootste en oudste suiwelkompetisie in Afrika. Foto: A Gorman Photography

UITGEREIK DEUR AGRI-EXPO

MEDIA NAVRAE:

ISABEAU MEDIA

Isabeau Botha

+27(0)72 247 5868

isabeau@isabeaumedia.co.za



TE KOOP



2 Comet
MP30 pumps



Nog net eenkeer
gebruik om te sien hoe
hul werk

Prys **R10 000** vir altwee



Vir meer inligting kontak
Herman:

083 409 4073 (geen WhatsApp)

Email: h79jacobs@gmail.com





BOERBOEL®
WEAR

VARS
VOORRAAD




GEMAAK IN SA



DAMVLAKKE

Soos op 24 Maart 2024



BOERhier
www.boerhier.co.za



15-16 JUNIE 2024

TICKETS

OPPI PLAAS MUSIEKFEES



BOERMEDIA
'n Nuwe Begrip

LYDENBURG
pointS
No stress with pointS!

BOERhier
'n Boer is gelyk deur God

McGEE
Ford
Since 1926

Coastal
HIRE

MAHINDRA LYDENBURG



Sol-Tech

Dis mos (goedkoper) mielies

Dr. Gawie du Toit, (Foto: Du Preez de Villiers)

Vir enige land is selfvoorsiening van bekostigbare hoë kwaliteit voedsel vir voortbestaan van kardinale belang. Vir Suid-Afrika is die mieliebedryf die hoekpilaar vir die volhoubare voorsiening van hierdie voedsel aan die bevolking. Dus rus voedselsekerheid gevvolglik vierkantig op die skouers van die mielie!

In dié verband moet 'n mens in gedagte hou dat die mielie regstreeks verantwoordelik is vir die energiebehoefte van die mens en onregstreeks die proteïenbehoefte deur middel van die veebedryf. Daarbenewens word die nodige vitamiene deur groente en vrugte gelewer.

Gesien teen die agtergrond van 'n grootskaalse gesprek deur verskeie persone wêreldwyd oor probleme met voedselvoorsiening aan agt miljard mense, die miljoene wat reeds honger ly (veral in Afrika), verdere verswarende omstandighede met oorlog in Midde-Ooste, die Suezkanaal wat blokkeer word, is dit absoluut gebiedend noodsaklik dat Suid-Afrika 'n finansieel gesonde

mieliebedryf moet hê – wat grootliks finansieel onafhanklik moet kan produseer.

Nou is dit egter hier waar die "kinkel in die kabel" kom – mielieboere se skuldas is te groot, en dit hoef nie so te wees nie. Volgens Statistiek Suid-Afrika en waarnemers beloop skuld vir die mieliebedryf skrikwekkende miljarde rande.

Die besliste vraag is dan: Waaraan kan hierdie skuld toegeskryf word, wat het aanleiding daartoe gegee? Vele antwoorde kan waarskynlik aangehaal word en selfs tegnologie en innovasie kon nie verhoed dat produksiekoste toeneem nie. Die werklikheid is dat koste hand uitruk en te hoog is.

Die verkeerde probleem

Die prysstruktur word egter deurgaans as hoofoorsaak uitgesonder, veral die prys van insetprodukte wat buitensporig toeneem. Kunsmispryse word veral as voorbeeld genoem, aangesien dit die grootste koste-item vir die mielieboer is.

Daarenteen word geen oorweging daaraan geskenk dat fisiese produksiemiddelle wat toegedien word, moontlik heeltemal te veel kan wees nie. Is die vraag al ooit gevra of daar byvoorbeeld nie te veel kunsmis in die verlede toegedien is en so ook "ander" insette nie?


Sal die vermindering van veral oormaat NPK-inset nie 'n heelwat groter bydrae tot verminderde produksiekoste lewer as die prysverhoging daarvan nie? Dié aangeleentheid van moontlike onnodige oormaat NPK-inset wat produksiekoste van mielies deur die dak jaag, sal nou onder die loep geneem word.

Hoë kunsmisinsette

'n Duidelike antwoord behoort na vore te kom soos toegelig deur navorsingsresultate in die volgende twee figure. Dit is afkomstig uit 'n onlangse proefaksie wat as voorbeeld dien van 'n reeks soortgelyke proewe wat onderneem is die afgelope meer as 40 jaar.

Oesresultate vir NPK-behandelings volg nou hiermee in die onderstaande figuur.

OESTE VIR VERSKILLEND NPK-BEHANDELINGS (2022/23)



Die oestename word dus geleidelik minder van 2.4-, 0.55- tot 0.19 t/ha. Dus vind geen reglynige toename plaas nie, maar wel 'n geleidelike afname. Die werklike betekenis van hierdie oeste se kleinerwordende toename sal eers waarde kry wanneer misstofkoste afgetrek word van die bruto-inkomste van elk, om "wins" bo misstofinsette te lewer.

Nou bepaal 'n baie bekende natuur- en ekonomiese wet van dalende-meer-opbrengs, dat geen maksimum oes ooit die beste wins kan lewer nie. Die betekenis van genoemde wet sal nou

beskou word, soos toegelig deur die waardes van "wins" vir die onderskei oeste te vergelyk:

Volgens bestaande figuur is dit duidelik dat die maksimum oes van 9,14 t/ha nie die prestasie kon herhaal om ook maksimum wins te lewer nie. Vergelyk dan R22 877/ha wins met die kleiner oes van 8,95 t/ha se groter wins van R23 454/ha. Die maksimum oes (9,14 t/ha) het inderdaad dan met R482/ha swakker presteer as die kleiner oes (8,95 t/ha) – en dit tenspte van R1 147/ha groter spandering teenoor die kleiner oes se laer NPK-koste.

Daar moet dus ernstig gewaak word teen die sindroom van spandering van R1 om slegs 90 sent te maak, wat beslis nie goeie besigheid is nie.

Onthou altyd dat risiko met onvoorspelbare klimaat nie uit die oog verloor moet word met ekstra spandering om groot oeste te jaag wat nie winsgewend is nie.

Die antwoord dan?

Dat daar dus 'n groot skroef los is met bemesting van mielies, bestaan geen twyfel nie. NPK-aanbevelings met gevoldlike buitensporige misstofaanwending is ernstig uit koers uit.

Dit is nou baie duidelik dat al manier om uit hierdie skuldknyp tang te kom, is om koste te verminder (veral NPK), ook minder te spandeer en veral nie maksimum oeste te jaag nie. Dit gaan dus oor geld in die sak (maksimum wins) en nie die opbrengs-beker vir maksimum oes in die mielieklub nie!

Mielieboere sal uiters oordeelkundig te werk moet gaan met die keuse van die regte hoeveelheid misstoftoediening vir winsgewende produksie. Hulle sal veral daarop bedag moet wees dat bemestingsadviseurs hulle onnodig kunsmis laat toedien, wat nie 'n positiewe finansiële resultaat lewer nie – kies die regte adviseur.


'n Suksesverhaal

'n Voorbeeld van een van 'n aantal produsente wat reeds 'n nugter bemestingsbenadering volg om maksimum wins te behaal en nie maksimum oes na te jaag nie, is Sjaak van der Smit van Cullinan.

Sjaak van der Smit van Cullinan (Foto: Verskaf)

Hierdie foto is van Sjaak by groenmielies wat vir die sesde oes slegs stikstof ontvang het

"WINS" VIR VERSKILLEND NPK-BEHANDELINGS (2022/23)





Sjaak van der Smit van Cullinan (Foto: verskaf)

(plant en bobemesting van N). Grondwaardes van pH, P en K is gunstig en word deur middel van grondontleding dopgehou om deurgaans voldoende te wees.

Vir die groter mieliebedryf is grond-P-waardes in die verlede hoofsaaklik (met geringe uitsonderings) opgebou na hoë vlakke, sodat dit boere kan loon om ruimskoots daarvan gebruik te maak, tesame met K-syfers wat soortgelyk goed voorsien is. So ook kan mielies op die vorige jaar se sojalande, eweneens met aansienlik minder N klaarkom, afgesien van geen P en K nie.

'n Volhoubare mieliebedryf

Tenslotte moet beklemtoon word dat weens die wêreld-voedselprobleem, dit absoluut noodsaaklik is dat Suid-Afrika verseker moet wees van 'n stewige en volhoubare mieliebedryf wat finansieel kerngesond moet wees om met die wêreldmark mee te ding.

Dit beteken mielies sal winsgewend en goedkoper produseer moet word vir volhoubaarheid en voedselsekerheid. En dit kan alleen plaasvind met verstandig verminderde produksie-insette, gebaseer op navorsing, veral met NPK-proewe.

Indien produsente genoemde benadering nougeset toepas om mielies winsgewend te produseer, kan 'n "nuwe dagbreek" op die horison verskyn wat van kardinale belang is vir ekonomies volhoubare voedselproduksie.

Vanuit voorgaande proefresultate en bespreking, is dit onteenseglik duidelik dat daar geld in mielieproduksie is en kan dit wel winsgewend en volhoubaar produseer word.

Dr. Gawie du Toit is 'n grondkundige.

Bron: <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/dis-mos-goedkoper-mielies/>



**CHRISTINE
VOSLOO
FOTOGRAFIE**



WESTERN CAPE
CVOSLOO4@GMAIL.COM
060-967-2041





BOSTU

- BOERBOELS -

"Bred for Perfection, Raised with Love."

SA Studbook National Elite Kennel 2022...



E Larabat Art Studio

CHEREEN & THYS VON SOLMS



082 4494889 | 083 4478844

bostuboerboels@gmail.com

www.bostuboerboels.com

Bostu boerboels



14 - 15 MAART 2024



GRIEKWASTAD SKOU

PERSIE SKOU
BOERBOK STREEKS KAMPIOENSKAP
SAVANNA STREEKS KAMPIOENSKAP
INTERRAS-BEESSKOU
SLAGLAM KOMPETISIE

Anja Meintjes - 082 374 8290
griekwastadskou@gmail.com

Monitor die Gesondheid van Varke

Die sleutel tot die bestuur van varke se gesondheid is om probleme en siektes betyds te identifiseer en beheer. Om dit te doen moet varkboere tussen normale en abnormale gedrag en gesonde en siek varke kan onderskei.

Hier volg 'n paar tekens om op die uitkyk voor te wees:

Sosiale diere



Varke is sosiale, intelligente diere. Onder normale omstandighede is hulle spelerig, nuuskierig en deel van 'n groep.

Hulle sal in 'n persoon wat die produksie area binnekomb geïnteresseerd wees en op geluide reageer deur in die rigting van die geluid te kyk. As hulle siek is onttrek hulle hulself van die groep en word lusteloos.

Hulle kan ook deur die ander varke verwerp word wat gevvolglik tot 'n verandering in die groep se lê-patroon lei.

Beweging



Varke behoort maklik rond te beweeg.

Varke wat hulleself van die res van die groep ontrek, 'n gebrek aan energie en krag het, dit moeilik vind om te loop of op te staan en op die grond bly lê, is alles tekens dat daar iets verkeerd is.

Ore, oë en snoet

Die gesig moet skoon wees met geen oog afskeidings nie. Dowwe oë en ore wat afwaarts hang kan aandui dat 'n vark ongesteld is. Nasale afskeidings moet ligkleurig wees en nie troebel, smetterig of bloederig nie.

Pels

Die hare moet blink en gesond wees. Swart en bruin varke het oor die algemeen dik hare, terwyl moderne wit rasse dunner haartjies het wat plat lê. Dowwe hare of hare wat regop staan en plekplek uitval dui aan dat daar iets verkeerd is.

Vel



The skin and coat of the skin should look healthy. ©National Pork Board and the Pork Checkoff, Des Moines, IA, USA

Die vel moet skoon wees sonder wonde of skurwe, gekleurde kolle, letsels of verdikkings. Volgens 'n artikel, 'Recognising disease on the farm', kan 'n blou verkleuring van die ledemate geassosieer word met virusinfeksies, akute bakteriële septisemie, 'n vergiftiging, akute mastitis, metritis, akute longontsteking en verskeie ander siektes. In wit varke kan die rooi verkleuring van die vel 'n aanduiding van siekte of infeksie wees.

Asemhalingstempo

'n Gesonde vark sal stadig en maklik asemhaal. Die normale respiratoriese tempo van 'n vark hang van sy ouderdom af. 'n Gesonde pasgebore

varkie se tempo is ongeveer 50 tot 60 asemteue per minuut, 'n jongeling tussen 25 tot 40 asemteue per minuut en dié van 'n volwasse vark 13 tot 18 asemteue per minuut.

Hartklop

'n Gesonde volwasse vark se hartklop is 65 tot 80 keer per minuut en onder 180 vir 'n pasgebore varkie.

Temperatuur

'n Normale vark se liggaamstemperatuur is tussen 38,5 en 39 grade Celsius. 'n Vark met 'n temperatuur bo 41 grade Celsius of onder 37 grade Celsius is ernstig siek. Daar is beslis iets fout as 'n vark bewe.



Something is wrong if a pig loses its appetite. ©Glenneis Kriel

Aptyt

Something is wrong if a pig loses its appetite. As 'n vark sy aptyt verloor en nie langer in kos belangstel nie is daar groot fout.

Uitskeidings

Die urine moet liggeel tot waterkleurig wees. Donkergeel, smetterige of bloederige urine is abnormaal. 'n Vark wat ophou urineer is dodelik siek. Die mis moet ferm wees met 'n miskoekagtige samestelling. Hardlywigheid, waterige tot slymerige of bloederige diarree is nie normaal nie.



Dung should be firm with a cow pad consistency.



Piglets nursing under heating lamp: Sows should produce enough milk for each piglet. ©National Pork Board and the Pork Checkoff, Des Moines, IA, USA

Melk

Daar moet genoeg melk vir elke varkie wees, met ander woorde al die baba varkies moet rond en gesond wees. Lets is verkeerd as 'n sog se uier hard en geswel is of as sy nie genoegsame of enige melk produseer nie en van die varkies sterf.

Reuk

Gebruik jou reuksintuig om probleme soos swak ventilasie, hoë gasvlakke, lae humiditeit, slegte

voer en selfs dooie diere te identifiseer. Wat vir die mens ongemaklik is, is heel moontlik vir 'n vark ook ongemaklik.

Bron: <https://southafrica.co.za/af/monitor-die-gesondheid-van-varke.html>

SLEGS VIR DIEREGEBRUIK.

COMBI-DOSE 4

Reg. Nr. G4394 (Wet 36 van 1947)

DOSEERMIDDEL

ANTIPARASITIESE MIDDELS:
Prasikwantel
Levamisool
Klosantel
Ivermektiën

KOBALT-AANVULLING:
Reproduksie
Vit B en rooibloedselle
Lam-groeï

SELENIUM-AANVULLING:
Anti-oksident
Immunitet
Reproduksie

PARASIETE:
Peervormige maagslak
Rondewurm
Neuswurm
Lintwurm
Lewerslak

28 dae nawerking teen haarwurm

COMBI-DOSE 4

Reg. Nr. G4394 (Wet 36 van 1947)
Antrovet SA (Pty) Ltd. Co. Reg. No.: 2010/001184/07. Postbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel: +27 (0) 11 826 2988. www.antrovet.co.za Vind ons op Facebook
Verwysing: McDowell, L.R and Arthington, J.D. 2005. Minerals for Grazing Ruminants in Tropical Regions, 5th Ed. 86pp. University of Florida, Gainesville.





ADVERTEER BY ONS!

**Gratis Digitale Tydskrif
vanaf 2017**

Bereik maandeliks meer as 120 000 lesers

WAAROM BY ONS ADVERTEER

- Ons boere boer met hul slim toestelle byderhand.
- Hulle neem aktief deel aan al ons digitale platforms.
- Ons drie e-tydskrifte en video's beland direk op hul selfone.

ONS UITGEBREIDE REIKWYDTE NA DIE REGTE MARK

71,000+
volgelinge op sosiale media

- BH Volgelinge 36k
- FH Volgelinge 8.7k
- BHV Volgelinge 8k
- BHG Volgelinge 14k
- FH Instagram 2k
- BH Instagram 2,7k

15,000+
Whatsapp database

34,000+
tydskrif epos database



Kontak ons:

(0) 73 895 6392 | (0) 71 704 6282
 info@boerhier.co.za

www.boerhier.co.za

Jeremia 1:8

“

**„want Ek is met
jou om jou uit te
red, spreek die
Here.”**



Foto: [AffiePlaas Fotografi](#)

GELUKKIGE TREKKING

WEN 'N JAGPAKKET VAN 'N LEEFTYD

VIR JOU EN 'N VRIEND



www.debeersafaris.com

ADELAIDE | OOS-KAAP
BY DE BEER SAFARI LODGE

5 aande vir 2 persone

Ingesluit: akkommodasie, etes,
drankies, jag-bakkie en 'n
professionele jaginstrukteur



2 Trofee koedoebulle

2 Trofee bosbokramme

2 Trofee rooibokramme

2 Trofee rooiribbokramme

2 vlakvarke en 5 springbokke

R10 000 WILDMAN KATHU
GESKENKBEWYS



R200 per kaartjie

Fondse ten bate van landbou-bevordering

KAARTJIES ASOOK TERME EN
VOORWAARDES BY ITICKETS.CO.ZA

ITICKETS

Net persone ouer as 18 jaar kan aan die kompetisie deel neem.

Vat so beurtkrag! Sonkrag verlig nou dié dorpe

Vier dorpies in die Oos-Vrystaat is bitter naby daaraan om geheel en al sonder beurtkrag te wees, danksy samewerking tussen die gemeenskap en die private energieverspreider Rural Free State (RFS).

Drie sonplase, met 'n opwekkingskapasiteit van tussen 480 KVA en 4 200 KVA verskaf nou krag aan Frankfort, Villiers en Tweeling.

Dele van Frankfort het sedert 7 November en 1 Maart net een dag beurtkrag gehad.

“Die uitwerking op veral kleiner ondernemings is enorm en hulle kan weer volstoom werk,” sê Jacques Jansen van Vuuren, bestuurder van die Mafube-sakeforum wat by die projek betrokke is.

Frankfort, Oos-Vrystaat, sonkragplaas, sonkrag, Eskom, Nersa, elektrisiteit, Vrystaat, Mafube-munisipaliteit



Villiers. (Foto: Verskaf)

Frankfort, Oos-Vrystaat, sonkragplaas, sonkrag, Eskom, Nersa, elektrisiteit, Vrystaat, Mafube-munisipaliteit



Tweeling se sonkragplaas. (Foto: Verskaf)

Frankfort, Oos-Vrystaat, sonkragplaas, sonkrag, Eskom, Nersa, elektrisiteit, Vrystaat, Mafube-munisipaliteit



Frankfort se sonkragplaas. (Foto: Verskaf)

'Ons sal self'

Inwoners vertel dat Frankfort se kragverspreidingsnetwerk in 2012 letterlik aan flarde gehang het.

Volgens Hans Pretorius, voorsitter van die Mafube First-gemeenskapsorganisasie, wat geregistreer is om aan plaaslike verkiesings deel te neem, het gelaaide kragdrade op die grond gelê.

"Nie net was ons kragnetwerk lewensgevaarlik nie, maar ons moes ook dae aaneen sonder enige elektrisiteit klaarkom," sê Pretorius.



Die kantore van die Mafube-munisipaliteit in Frankfort. (Foto: Isabel Venter / Maroela Media)

Boonop het die munisipaliteit se skuld by Eskom so opgehoop dat die nasionale kragvoorsiener glad nie meer elektrisiteit aan die dorp wou voorsien nie.

Frankfort, Oos-Vrystaat, sonkragplaas, sonkrag, Eskom, Nersa, elektrisiteit, Vrystaat, Mafube-munisipaliteit

Rural Free State, 'n private maatskappy, het toe ingegryp en in 2012 ingevolge 'n 25-jaar-kontrak elektrisiteitsbestuur by die Mafube-munisipaliteit oorgeneem. Mafube sluit die dorpe Frankfort, Villiers, Tweeling en Cornelia in.

Volgens Gouws Marais, RFS-projekbestuurder, het die maatskappy sedertdien sowat R120 miljoen bestee om kragverspreidingsnetwerke reg te ruk en 'n verdere R3,2 miljoen opgedok om hul kantore, wat reg langs die dorp se Eskom-substasie geleë is, te bou. Hierdie gebou sal ná verstryking van die kontrak aan die munisipaliteit oorhandig word. Tantieme vir die gebruik van die verspreidingsnetwerk word ook aan die munisipaliteit betaal en tot op hede is meer as R25 miljoen al oorbetaal.

Die maatskappy kon dit oor die jare regkry om die verliese aan elektrisiteit, hetsy deur wanbetaling, diefstal of tegniese verliese, van ongeveer 50% tot 5% te verminder.

Boonop het RFS kragskuld begin invorder en handhaaf die maatskappy 'n betalingskoers van meer as 95%. Dít ten spyte van groot armoede onder talle inwoners.


Volgens Gouws het RFS sowat 14 personeellede by die munisipaliteit se elektrisiteitsdepartement oorgeneem en deesdae word meer as 40 permanente werkers deur die maatskappy in diens geneem.

Ondanks hierdie oorwinnings het dit in 2017 duidelik geword dat beurtkrag 'n permanente kopseer gaan bly.

Boere en sake-eienaars het RFS genader om sonkragplase in Frankfort, Tweeling en Villiers op te rig.

Dié vennootskap het tot die ontstaan van FF Renewables (FFR) gelei, 'n privaat maatskappy met aandeelhouers uit die plaaslike gemeenskap wat die drie sonkragplase opgerig het. RFS koop sonkrag van FFR teen tariewe wat deur Nersa goedgekeur is.

Frankfort, Oos-Vrystaat, sonkragplaas, sonkrag, Eskom, Nersa, elektrisiteit, Vrystaat, Mafube-munisipaliteit



Een van die selle binne die battery by die Frankfort-sonkragplaas in die Oos-Vrystaat. (Foto: Isabel Venter / Maroela Media)

Saam lewer die plase sowat 5 720 KW krag.

RFS maak ook gebruik van "ontplooibare energie". Dit is energiebronne wat nie en wat op aanvraag gebruik word om kragtekorte aan te vul, soos tydens

beurtkrag. Tans vul RFS die tekort aan met 'n kombinasie van elektrisiteit wat hy deur sonkrag opwek en in batterye stoor, asook krag wat deur dieselkragopwekkers opgewek word.

In Februarie 2023 het RFS met Eskom ooreengekom om self beurtkrag in Frankfort en later ook Villiers toe te pas. RFS mag onder geen omstandighede meer of minder beurtkrag toepas as wat deur Eskom ingestel word nie.

“Sedertdien word al die rioolsuiweringswerke en waterpompe konstant van krag voorsien. Daar is ook baie minder diefstal van infrastruktuur, omdat daar deurlopend kragtoevoer is,” sê Gouws.

Wat die algehele beëindiging van beurtkrag betref, het RFS met 'n oefenlopie in Frankfort se sakegebied begin om sekere verbruikers stelselmatig van beurtkrag te verlos. Toe die proeflopie suksesvol was, het RFS dit na ander dele van die dorp, hoofsaaklik woongebiede, uitgebrei. RFS is vol moed dat die hele Frankfort teen die einde van die jaar beurtkragvry kan wees en sal dit ook verder in Villiers, Tweeling en Cornelia uitrol.

Heidi du Plooy, jare lange inwoner en eienaar van Von Krotz Kennels in Frankfort, is vol vertroue dat RFS sy belofte sal nakom.

“As dit nie vir RFS was nie, sou hierdie dorp van ons jare terug al ophou sake bedryf het. Hulle is

die rede hoekom ons nog hoë eiendomswaarde het en aanhoudende dienslewering het wat krag betref,” sê Du Plooy.



'n Raakkatter van Frankfort praat op kongres – Nampopark

Jannie Schabot, Mafube-sakeforum, hoop op sy beurt dat RFS se planne 'n voorbeeld kan word vir ander dorpe om self in hul krag te voorsien. “As ons hier wen, sal dit 'n wen vir Suid-Afrika wees.

Nog die Mafube-munisiapliteit of sy munisipale bestuurder het op enige versoeke om kommentaar reageer.

Isabel Venter

Deel van: Landbou, SA-nuus

Bron: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/vat-so-beurtkrag-sonkrag-verlig-nou-die-dorpe/>

An advertisement for BKB (The Trusted Home of Agriculture) featuring a silhouette of two cattle grazing in a field at sunset. The background shows a bright sun setting behind clouds. The BKB logo is prominently displayed in the center, with the tagline "#SustainabilitySynergised" above it and "PEOPLE | PLANET | PROFIT" below. The bottom of the ad includes the slogan "#IntegrityIntegrated" and the company's core values: SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNING | EMPLOYEES | ENVIRONMENT.

TANNIN BROWSE DRY

Reg. No. V30442 (Act 36 of 1947) Class: Digestive Modifier

Help your livestock this winter to make better use of available plant material with.....

TANNIN BROWSE DRY



**Even dead plant material contains nutritional value
- Take advantage of it!**

Tannin Browse Dry has 4 ingredients to support the digestive system

Add to water, lick or feed

Give from autumn until after the first spring rains

1-4 g per animal per day

AffiePlaas Fotografie

Landbou Fotograaf/ Videograaf

Veiling
bemarkingsmateriaal



Katalogus fotos en
lot videos



Veiling
bemarkingsvideo



Drone beskikbaar



Opsommingsvideo van
veilingsdag/boeredag

Sosiale media
bemarking

Zanmari Crous
066 226 8247



SAVE

- Efficient Work Performance
- Safe for Farmer and Animal
- Low Stress for Animals
- Durable and strong
- Latest Technology
- Labour Saving
- Save Time

Livestock Handling Equipment Veehanteringsstoerusting



JAY-LOR Self-propelled
mini-TMR mixer



algar@algar.co.za
www.algar.co.za
082 324 6256

Kruipvoeding van lammers



Jacques Jansen van Vuuren, NWKV Ermelo

Ooie wat op goeie voedingspeil is tydens en na lam, se melkproduksie piek omtrent 4 weke na lam, terwyl die lam se voedingsbehoeftes op hierdie stadium drasties toeneem (Teacher, 1978). Lammers kan teen hierdie tyd teen 350g/dag groei. Lammers se ouderdom bepaal die omset van voedingstowwe na vleis.

Tabel 1 illustreer hierdie goed.

Tabel 1. Invloed van ouderdom op die voeromsetdoeltreffendheid van lammers (Vosloo, 1982)

Ouderdom (dae)	Massa (kg)	Voeromset (kg/kg)
0-42	4.5-15	1.0:1
42-60	15-20	3.0:1
60-80	20-25	3.5:1
80-100	25-30	4.0:1
100-120	30-35	4.5:1
120-140	35-40	5.0:1
140-160	40-45	5.5:1

Lammer moet dus so vroeg as moontlik aan kruipvoer bloot gestel word om die hoogste groei per kilogram voer te verkry.

Kruipvoer kan aan lammers gegee word wat:

- Vroeg gespeen gaan word om die ooi sodoende weer vroeër beset te kry
- Lammers wat op swak weidings aankom
- Meerlinge wat melkvoorraad moet deel
- Lammers wat na speen in 'n voerkraal opset afgerond gaan word

Lammers ondervind ook aansienlik minder speenskok as hulle aan kruipvoer gewoond gemaak was. Lammers wat nie kruipvoer ontvang nie, ondergaan geweldige skok tydens speen, hulle groei neem drasties af en die lammers se

latere reproduksie en produksie word negatief beïnvloed. Dit is dus 'n baie goeie praktyk om lammers so vroeg as dag 10-14 aan kruipvoer bloot te stel. 'n Skaap se wolproduksie word ook vroeg in sy leeftyd bepaal, en tydens die eerste maand van 'n lam se leeftyd word 70-80% van die wolfollikels volwasse, en 'n voedingstekort gedurende hierdie tyd sal dus die dier se wolproduksie later negatief beïnvloed.

Lammers vreet baie min vastestowwe voor die ouderdom van 3 weke, en die bietjie wat hulle van die veld alleen vreet, is te arm in voedingstowwe om hulle optimal te laat produseer. Kruipvoer sal hierdie tekorte vul. Die lam se rumen is teen hierdie tyd ook nie ten volle ontwikkel nie, en dus sal die lam die die ruvoer wat hy van die veld af kry verteer nie. Die rumen is ook nog baie klein en dus kan die lam nie genoeg inneem om doeltreffend te groei nie.

Ooilammers wat vir hul eerste paar maande onder voedingstremming verkeer, sal 'n laer ovulasietempo hê en minder lammers produseer oor haar leeftyd. Kruipvoer sal slegs ekonomies wees as die lam genoegsame voer inneem om sodoende groei te stimuleer. Innames behoort gemiddeld 250g/dag te wees vanaf 20 dae-ouderdom tot en met speen. As lammers 250g/dag gemiddeld vreet, sal die lammers suksesvol

Tabel 2. Gemiddelde kruipvoerinname, lammassa en kruipvoerinname relatief tot liggaamsmassa van sogende lammers, kruipvoer ad lib (De Villiers et al, 2002)

Ouderdom (dae)	Kruipvoerinname (g/lam/dag)	Lammassa (kg)	Kruipvoerinname/ kg ligaamsmassa (g)
28	37	9.3	3.98
35	88	12.2	7.21
42	173	13.5	12.81
49	224	15.6	14.36
56	281	16.9	16.63
63	403	18.7	21.55
70	596	21.2	28.11
77	612	23.5	26.04
84	625	24.5	25.51



vroeg gespeen kan word (8 weke ouderdom). Volgens De Villiers et al (2002) is gemiddelde ruipinname van sogende lammers ongeveer 15g/dag op 14 dae ouderdom. Tabel 2 dui hierdie innames en groei aan. Die rumen en die verdere spysverteringskanaal moet ook voldoende ontwikkel wees voordat lammers gespeen word, anders sal daar 'n vertraging in die lam se groeitempo wees. As die lammers meer as 250g/dag vreet, behoort die lam se rumen voldoende ontwikkel het. Totale kruipvoerinname is ongeveer 25-30kg per lam, afhangende op watter ouderdom die lam gespeen word.

Kruipvoer moet smaaklik genoeg wees dat die lammers dit maklik sal begin vreet en genoegsame innames te verseker. Sojaboonoliekoekmeel, hawergraan, lusernhooi en melasse verhoog die smaaklikheid. 'n Verpilde kruivoer sal egter beter innames verseker (ook minder vermorsing). Dit sal ook 'n goeie praktyk wees om 0.5% ammoniumchloried in te sluit om blaasstene by ram- en hamellammers te voorkom. Daar moet ook gekyk word om 'n ionofoor in te sluit om suurpens en koksidiose te


beheer en om groei te bevorder. Die voer moet ook nie aanvanklik ad lib gegee word nie. Die lammers gaan baie voer mors en hulle verkies ook vars voer. Soos die lammers beter en sterker begin vreet, kan hulle ad lib gevoer word. Kruipvoermengsels moet nie te fyn wees nie; growwer voer "krap" die rumen sodat die rumen papillae vinniger en beter ontwikkel, en die rumen sal dus 'n verhoogte absorbsie oppervlakte hê om voedingstowwe op te neem. Grane is ook verantwoordelik vir die vorming van bottersuur in die rumen, en bottersuur is ook verantwoordelik vir die ontwikkeling van die rumen papillae.

Kruiphokmates

Kruipvoerders moet so ontwerk wees dat lammers nie in die bakke kan klim nie. Die openinge waardeur die lammers moet kruip, moet tussen 18-25cm wees, afhangende vat die tipe skaap waarmee geboer word. Dit sal handig wees as die openinge se spasies verstelbaar is om dit so aan te pas soos wat die lammers groei. Die kruiphok moet ongeveer 0.18m² per lam wees. Vreetspasie kan varieer tussen 3-5cm per lam. Die lammers moet maklik toegang hê na die kruiphokke toe. Plaas die hokke dus naby waterpunte, areas waar die ooie gereeld staan of slaap. As dit warm is, sal dit help om skadu te voorsien oor die kruiphok, wat weer die lammers sal lok na die kruiphok toe. Dit help ook as die lakterende ooie 'n lek of volvoer ontvang, want hulle leer dan die lammers om uit die bakke te vreet.

Vir kruipvoermengsels en verdere tegniese inligting, skakel gerus u plaaslike veevoerverteenvoerdiger of u die NWKV kantoor in u provinsie

Jacques Jansen van Vuuren, NWKV Ermelo – Tel no 083 2355 467 ; Email : wolskaap@mweb.co.za



BRANDMERK REGISTRASIES

NUWE AANSOEKE. HER-UITREIK. OORDRAG VAN BRANDMERKE.

BRANDYSTERS

BRANDYSTER OONDE

NEKKLAMPE EN KRALE

stngroep@gmail.com 0724038305



DIE BESTE BOD
THE BEST BID

 LEWENDEHAWE · STOETVEE · SLAGVEE · WILD · ALGEHELE UITVERKOPINGS · LOSGOED · EIENDOM
LIVESTOCK · STUD STOCK · SLAUGHTER STOCK · GAME · DISPERSAL SALES · MOVABLE ASSETS · PROPERTY

www.vleisentraal.co.za



Myburgh Toerusting

Vir die Boer, van die Boer

Bol-'n-Vlieg

Moeg vir vlieë

Plaaslik vervaardigde vlieëvanger

082 417 0175

Koop nou:

<https://myburgh-toerusting.myshopify.com/>



Bol-'n-vlieg Produkte

R203 1 pak, R995 5 pak, R1950 10 pak

Elke implement wat ons verkoop is gebou om te hou.
Kwaliteit lê my na aan die hart.



mybtoer@gmail.com



082 417 0175



www.mtoer.co.za



SLEGS VIR DIEREGBRUIK.

OxiMycin

230 LA

Reg. Nr. G4361 (Wet 36 van 1947)

**'N KWALITEIT
LANGWERKENDE
OKSITETRASIKLIEN**


VIR DIE BEHANDELING VAN:

- Longontsteking
- Hartwater
- Naelstringsiekte
- Vrotpootjie
- Bosluisoorgedraagde galsiekte
(by beeste)
- Septiese gewrigsontsteking
(by varke)



OxiMycin 230 LA inspuitbare oplossing. Bevat: Oksitetrasiklien hidrochloried 230 mg. Registrasienommer G4361 (Wet 36 van 1947). Registrasiehouer: Antrovet SA (Pty) Ltd. Co. Reg. Nr.: 2010/001184/07. Posbus 60577, Pierre van Ryneveld, 0045. Tel: +27 (0) 11 826 2988, www.antrovet.co.za. Vind ons op Facebook

Hoe om beeste reg in te sputte



Insputings is een van die beste maniere om medisyne vir beeste toe te dien. Antibiotika, anti-inflammatoriese produkte, entstowwe, ontwurmingsmiddels, vitamiene en hormone is van die middels wat deur middel van 'n insputing gegee kan word.

Dit is egter belangrik om die korrekte metode te gebruik om goeie resultate te verkry sonder om die diere (of jouself) te beseer. Hier volg 'n paar stappe om dit korrek te doen:

Lees die aanwysings op die etiket

- Dit is baie belangrik om die regte inligting oor die produk te verkry. In die geval van entstowwe sal dit duidelik op die etiket aangedui wees hoe die produk vermeng en toegedien moet word, byvoorbeeld deur middel van binnespierse of onderhuidse insputing.
- Daar sal inligting wees oor die volume wat toegedien moet word per kilogram of hoeveel entstof gegee moet word ongeag die gewig. Dit is uiters belangrik om die gewig van die dier te bepaal om te voorkom dat, byvoorbeeld jong kalwers, te veel van die middel ontvang.
- Die etiket sal ook inligting bevat oor hoe gereeld en met watter intervalle die produk gebruik moet word.
- Daar sal waarskuwings wees om aan te dui in watter gevalle die produk nie gebruik mag word nie, byvoorbeeld in dragtige beeste. Dit sal ook

vleis- en melkontrekingsperiodes aandui, wat van uiterste belang is.

- Inligting oor hoe om die produk te berg en by watter temperatuur, sal ook op die etiket vervat word. Entstowwe word byvoorbeeld gewoonlik teen 4°C - 8°C gestoor, en sommige ander produkte by kamertemperatuur. Entstowwe moet ook nie gevries word nie.
- Kyk na die vervaldatum op die etiket – betroubare resultate kan nie gewaarborg word as 'n produk verouder is en nie korrek geberg is nie.
- Indien daar enige onsekerheid oor 'n middel is, kontak jou naaste veearts om die regte inligting te verkry.

Voorbereiding van die produk

- In die geval van antibiotika moet die bokant van die bottel met alkohol skoongemaak word voordat die middel opgetrek word.
- Gebruik slegs 'n skoon, steriele naald en nie 'n naald wat alreeds gebruik is om diere te spuit nie. Bakterieë kan so die produk binnedring en die kwaliteit en rakleeftyd verkort.

Gebruik skoon toerusting

- Was jou hande voor en na hantering van produkte.
- Gebruik weggooibare spuite en naalde vir behandelings en outomatiese spuite vir inentings, waar moontlik.
- Moenie chemikalieë gebruik om spuite vir entstowwe uit te spoel nie, aangesien dit lewende entstowwe kan inaktiveer. Spoel spuite uit met kookwater voor en nadat dit gebruik is.
- Vir ander middels kan 'n ligte ontsmettingsmiddel gebruik word, maar die spuite moet deeglik met kookwater uitgespuit word nadat dit ontsmet is.
- Gebruik skerp, steriele naalde vir individuele diere, of gebruik weggooibare naalde waar moontlik.
- Gebruik een naald vir elke tien beeste as diere geënt word. Daar is siektes wat wel tussen beeste oorgedra kan word, naamlik galsiekte, knopvelsiekte en beesleukose.
- Gebruik die kleinste deursnee naald om skade aan weefsel te voorkom.
- Vir 'n onderhuidse inspuiting: Gebruik 18G 1 duim tot halfduim naalde.
- Vir binnespierse inspuiting: Gebruik 18G 1,5 duim naalde.
- Vir kalwers: Gebruik 'n korter naald – 21G 1 duim.
- Spuit slegs 10 ml per inspuitingsplek vir binnespierse en tot 20 ml per plek as onderhuids gespuit word.

Mengproses

- Moenie meer as een entstof kombineer en meng nie, tensy die instruksie op die pamflet dit so deurgee. Twee produkte verskil van mekaar ten opsigte van chemiese samestelling en pH, wat kan veroorsaak dat lewendige entstowwe geïnaktiveer kan word.
- Meng slegs soveel entstof as wat benodig word en spuit dit dan op voordat nuwe entstof gemeng word.
- Hou medisyne koel, veral entstowwe – by 4°C - 8°C.

Beperk diere in 'n goeie drukgang


- Hierdie maatreël voorkom beserings aan diere en verminder die risiko om beseer te word vir die persoon wat inspuitings toedien.

Binnespierse (intramuskulêre) inspuiting (IM)


- Kies veral by voerkraalbeeste of beeste wat binnekort geslag gaan word, spiermassa wat minder waardevol is, byvoorbeeld die nekarea. In die geval van ouer diere kan die boudspier ook gebruik word.
- Trek gelyke volume lug op en spuit dit in die bottel in om die middel makliker te onttrek.
- Verwyder al die lug in die spuit deur die spuit te klop en dan die inspuiting te druk totdat al die lug uit is.
- Gebruik 'n 18G naald om diep in die spier te plaas en sodoende die vel en die subkutane (onderhuidse) weefsel te penetreer. Die naald moet loodreg wees ten opsigte van die dier.
- Sit die naald eers in en kyk of daar nie bloed uitkom nie. As daar bloed uitkom, haal die naald uit en sit weer in op 'n ander plek. Sekere middels kan die dier se dood veroorsaak as dit nie bedoel is vir binneaarse inspuiting nie.
- Konnekteer die spuit deeglik en spuit die middel stadig in.
- Indien inspuitings oor 'n paar dae gegee moet word, moet die spiere waar dit toegedien word, afgewissel word.

Onderhuidse (subkutane) inspuiting (Sc)

- Gee onderhuidse inspuiting halfpad in die nekarea voor die skouer of oor die ribbes agter die skouer.
- Gebruik kort naalde – 0,5 duim tot 1 duim.
- Tel die vel met die een hand op en spuit in onder die "tent" van die vel wat vorm, teen 'n hoek van 30° - 45° in verhouding tot die dier (sien **Figuur 1** en **Foto 1**).



Figuur 1: Gee onderhuidse inspuiting halfpad in die nekarea voor die skouer of oor die ribbes agter die skouer.



Binneaarse (intraveneuse) inspuiting (IV)

- Kry advies vanaf jou plaaslike veearts sodat hy/sy kan demonstreer hoe om dit te gee.
- Dit word meestal gebruik om diere te ent met hartwaterrentstof en om diere te behandel vir melkkoors. Sommige antibiotika kan ook binneaars toegedien word.

Nagevolge van swak inspuitingstegniek

- Behandeling mag dalk nie suksesvol wees nie, omdat middel swak absorbeer wanneer dit nie op die korrekte plek gedeponeer is nie.
- Middel kan dalk langer in die weefsel bly en gevoglik kan daar residue wees in die vleis of melk.
- Diere se senuwee kan beskadig word, veral by jonger kalwers wat nie korrek ingespuit is nie.
- Oormatige verlies aan spierweefsel by die slagpale weens absesse of littekens wat uitgesny moet word.
- Diere kan in skok ingaan of selfs doodgaan as 'n middel wat bedoel is vir onderhuidse inspuiting per ongeluk binneaars beland.
- Mense kan hulself beseer of raakspuit.

Bron: <https://www.grainsa.co.za/hoe-om-beeste-reg-in-te-sput>

Baanbreker **PLANTERS** vir **klein plase & plotte**

www.eden-equip-online.co.za

info@eden-equip.co.za

(+27) 63 775 8684



- Dekgewasse
- Weidings
- Groente
- Mielies



- Herlewingslandbou
- No-till
- Drukbeweiding
- Vervaardig in SA





ADVERTENSIE TARIEWE



Een prys om in al 3 maandelikse tydskrifte te adverteer

- Volblad Advertensie = R5 500 per maand
- Halfblad Advertensie = R4 500 per maand
- Artikel = R1 500 per tydskrif
- Artikel & Volblad Advertensie = R6 000
- Voorblad paket = R9 500
- Voorblad = R3 500

Bg. advertensies sluit in: Advertensie weekliks op ons 22 sosiale media platforms

**Opstel van advertensies beskikbaar @ addisionele koste
(Terme & Voorwaardes geld)**

Uitgawe datums:

- BH Veilings 5de
 - FARMhere 15de
 - BOERhier 25ste
- van elke maand**

BOERhier / FARMhere gee God al die eer vir ons volgehoue sukses.

Kontak ons:

(0) 73 895 6392 | (0) 71 704 6282

info@boerhier.co.za

www.boerhier.co.za

Landbou as beroep – Suid Afrika



Die landbou in Suid Afrika is nie 'n argaïese beroep met 'n beperkte toekoms nie – dis vele beroepe ineen, waar sukses behaal kan word en 'n volhoubare toekoms geskep kan word.

Landbou het regstreeks te doen met van die wêreld se grootste ekonomiese uitdagings soos oorbevolking, omgewingsbesoedeling en voedseltekorte. Dis 'n loopbaan vir die natuur- en diereliefhebber, die kos-entoesias, die sakeman, en die belangrikste – 'n beroep wat bydra tot omgewingsbewaring, volhoubaarheid en voedselsekuriteit.

Bykans elke industrie hou verband met landbou. Hoe, mag jy vra, is voertuigvervaardiging verwant aan landbou? Eintlik, op baie maniere, maar een duidelike voorbeeld is dit waarop jy in jou motor sit. Jou sitplek is waarskynlik gemaak van materiaal of leer, wat beide produkte is van die landboubedryf. Daar is nog baie ander voorbeelde- maar in kort- alles kom van landbou in een of ander manier.

Jy mag dalk nou dink, "Ja, maar wat van die rekenaar wat gebruik is om hierdie dokument saam te stel – die tegnologie industrie kan sekerlik nie verwant wees aan die landbou nie". Al ooit gehoor van soja-ink? Dis reg, al hoe meer vervaardigers gebruik omgewingsvriendelike ink wat gemaak is van sojabone en natuurlik die papier waarop die dokument gedruk is, is ook 'n belangrike produk van die landboubedryf.

Elke keer as jy eet moet jy besef dat landbou oral is! Dit is hoekom jy die tyd moet neem om ondersoek in te stel na die talle opwindende

loopbaangeleenthede wat die landbou-industrie jou kan bied.

Meer as 50% van alle beroepe in die landbou is in die hoofstede van die wêreld: Teen 2050 moet die wêreld se voedselproduksie met 70% styg om te voldoen aan die groeiende wêreldbevolking se behoeftes.

Tans bestaan sowat 56 000 werkgeleenthede in die landbousektor in Noord-Amerika. Terselfdertyd verklaar 'n klein Europese landjie, soos die Oekraïne, dat hy oor vyf jaar meer as 5 miljoen landbouspesialiste gaan benodig – met net 200 000 studente in dié land wat in die landbou bestudeer. Een uit agt werkgeleenthede in Kanada is in die landbousektor.

Statistieke soos hierdie laat mens wonder hoe verkeerd jy kan gaan met landbou-gerigte studies en beroep-spesialisasie? Suid Afrika het sy eie statistieke- 34 000 -Suid Afrikaanse kommersiële boere lewer sowat 95% van die land se voedsel. Dit beteken dat minder as 0,07% van die bevolking verantwoordelik is vir die hele land se voedselsekerheid, terwyl hulle boonop lone aan van 650 000 tot 800 000 mense betaal. Die jongste statistieke volgens die slim ekonome dui daarop dat daar al amper 56,000 landbouers in Suid Afrika is saam met die beginnerboere en bestaansboere.



Die realiteit is egter dat die landbou nie slegs boerdery is nie, maar fokus op die hele voedselketting, om die omgewing te bestuur en die menslike impak op natuurlike hulpbronne te beperk. Meer as 50% van alle beroepe in die landbou-industrie is in hoofstede.

In Australië is een uit elke ses werke in die agribedryf en daar is ongeveer vier werksgeleenthede vir elke gekwalifiseerde landboustudent.

Jy hoef egter nie in die landbou te gaan studeer nie.

'n Groot verskeidenheid mense van alle agtergronde kan 'n suksesvolle beroep in die landbousektor hê – van tegnologie tot besigheid, bemarking, wetenskap, meganiese en elektriese beroepe.

Die wêreldbevolking neem daagliks toe en dit beteken wêreldwyse geleenthede vir opgeleide arbeid dwarsdeur die landbousektor.

Die landbou is 'n goudmyn vir jong entrepreneurs – dink maar aan organiese produksie en verspreiding, om slegs een te noem.

Tegnologiese en wetenskaplike ontwikkeling in die veld van die landbou raak toenemend belangrik soos natuurlike hulpbronne skaarser raak en klimaatpatrone verander.

Die wêreld het voedsel nodig en die landbou sit dit op die tafel, maar die boer kan dit nie alleen doen nie.

Alles klink en word lekker beskryf- maar om 'n landbouer in Suid Afrika te wees is nie meer so lekker as wat dit was nie. Met die huidige regering se aanslag teen grond en Landbou, is ons landbouers gedurig onder druk. Met die regering

se arbediswette wat net na eenkant toe werk in die guns van werkers, is dit nie meer so lekker om met werkers te deel wat heeltyd onder die invloed van politieke partye is wat heeltyd met opset probleme veroorsaak nie.

Daar word deesdae meer geskryf en gepraat in die media oor "bestaansboere en sogenaamde "klein boere" wat gehelp moet word. Dit moet gebeur en die regering het nog baie min gedoen om landbouers suksesvol te vestig. Baie van die boere is suksesvol en baie van hulle se suksesstories word in die media gedeel. Meeste van die boere het op die harde manier geleer en met absoluut niks begin nie, dis waarom hulle alles wat hulle het, waardeer en oppas. Die boere sal suksesvol wees in Suid Afrika se landbou en hulle begin ook heel anders dink oor Landbou.

Grondbesetters is eintlik plakkies wat net op 'n stuk grond wil bly en nog steeds met die hoed in hand staan en hulle politieke leiers soos skape volg en afhanklik wil wees van die staat. Baie min van die besetters wil eintlik suksesvol boer en hoop dat iemand later die grond waarop hulle aanspraak maak wil koop.

Voordat grondonteiining soos dit genoem word nie suksesvol afgehandel word nie, gaan daar nie baie vooruitgang wees nie en gaan sekere landbouers begin kyk na alternatiewe beroepe.

Daar word heeltyd geskree vir grond en Landbouers word uitgekryt deur seker politieke partye as gronddiewe. Banke en finansiële organisasies is nie meer so gewillig om landbouers by te staan met finansiering nie en ons huidige landbouers moet hard baklei om suksesvol voedsel te produseer.

Landbouorganisasies en maatskappye praat deesdae baie meer namens die Suid Afrika se landbouers. Daar is soveel belangstelling in Landbou dat verskeie mense nou Landbou Televisie programme wil vervaardig of hulle nou kennis het of nie.

Die geslag Landbouers wat tans in Suid Afrika boer het jare kennis en wysheid en dis waarom hulle so suksesvol voedsel produseer. Jy word 'n landbouer gebore en dis waarom meeste van hulle suksesvol is.

Ons land het regte egte landbouers nodig wat met sukses kan boer en voedsel produseer. Landbouers met kennis van tegnologie en die vermoee om vinnig besluite te neem. Landbouers

wat weet wat werk is en wat 'n passie het vir boerdery.

Landbou het baie verander en gaan nog baie verander- die vraag is net of huidige landbouwers nog steeds satisfaksie gaan kry uit boerdery omdat alle in die toekoms dalk net met die druk van knoppie gaan werk. Daardie diepe konneksie met grond, water en diere asook die natuur gaan dalk minder wees.

Robotte en meganisasie gaan alles oorneem. Die regering se oe is gemik op Landbou om werk te skep, maar as jy 'n werklike landbouer is en jy is al deur verskeie arbeidsprobleme gegaan het, sal jy so gou as moontlik meganiseer.

Daar is geharde en suksesvolle werkers op die plaas wat lojaal is aan hulle werkgewers en hulle steur aan al die opreuende toesprake en dreigemente van dreigende politieke partye en regeringsamptenare nie. Hierdie werkers sal altyd indiens wees en sal ook deel in al die voordele wat die werkgewers hulle bied. Daar is vele voorbeeld van suksesvolle boerderye waar hulle as aandeelhouers opgeneem is.

As jy wil boer vandag- het jy grond nodig waarop jy suksesvol voedsel kan produseer en daarmee saam kom finansiering en 'n passie vir landbou en alles wat daarvan saam gaan. Saam met dit loop nog geduld, geloof en deursettingvermoeie en selfdissipline.

Suid Afrika se landbou is gesond en is suksesvol- wanneer jy oor landbou gebiede vlieg sien jy strukture en orde- netjies en professioneel. Daar is min dinge in Suid Afrika wat nog in werkende toestand is- agt die regering se onvermoeie om instandhouding te doen.

Landbou en sy mense is gereed om die grondkwessie suksesvol af te handel en meer plek te maak vir jong landbouers wat wil werk en wil boer saam met ons huidige suksesvolle landbouwers.

Opkomende boere kry baie hulp van die regering en van die boere is baie suksesvol en dit baie goed in landbou.

Landbou moet uit een mond praat en dit sal Landbou nog meer suksesvol maak.



Bron: <https://www.farmingportal.co.za/index.php/all-agri-news/huus-afrikaans/1879-landbou-as-beroep-suid-afrika>

VLEISENTRAAL
DIE BESTE BOD
THE BEST BID

LEWENDEHawe · STOETVEE · SLAGVEE · WILD · ALGEHELE UITVERKOPINGS · LOSGOED · EIENDOM
LIVESTOCK · STUD STOCK · SLAUGHTER STOCK · GAME · DISPERSAL SALES · MOVABLE ASSETS · PROPERTY

www.vleisentraal.co.za



th Gear Nomad
Photography & Video Productions

AGRICULTURAL

PHOTOGRAPHY AND VIDEOGRAPHY

AUCTIONS, CATALOGUES, AGRI FUNCTIONS,
ANIMALS, REALESTATE, EQUIPMENT



074 409 3929

doodskoot1965@gmail.com

www.6thgearnomad.co.za



VELLIEFEES

HEIDELBERG



14- 15 September '24





POUR-ON

TICK + ROUNDWORM CONTROL

DOUBLE ACTIVE COMBINATION


FIPRONIL 0,9 % + ABAMECTIN 0,5 %



- ✓ Ready-to-use Pour-on
- ✓ Residual action
- ✓ Control against Blue ticks
- ✓ Control against Multi-host ticks
- ✓ Registered against pyrethroid resistant blue ticks
- ✓ Broad-spectrum roundworm control



Lugvog uit die atmosfeer as lopende water – Suid Afrika



Die onlangse opvlam van belangstelling in masjiene wat water uit lug kan onttrek, klaarblyklik sonder perke, klink na presies die redding wat 'n droogtegeisterde Suid-Afrika vandag nodig het.

Anders as met seawater-ontsouting en die oes van mis- en stratocumulus-wolke, is beskikbaarheid selde 'n probleem wanneer moderne tegnieke ter sprake kom; daar is meer as genoeg lugvog beskikbaar, selfs in woestyngebiede. Die effektiewe kondensering van waterdamp uit lug met 'n lae vogtigheidsgraad is egter 'n taaier probleem as wat met stukke seil, gaas of plastiek aangedurf kan word. 'n Meer effektiewe metode behels 'n hittepomp en adsorpsie in 'n hitte-uitruiler. Vogtige lug word oor 'n kondensator gedwing waar dit afgekoel word; atmosferiese water kondenseer op die plate of buise, word gefiltreer, en met ultravioletstraling gesteriliseer en eindig op in 'n houer, gewoonlik as koel drinkwater.

Omdat die distillasieproses in 'n vakuum en teen lae temperature plaasvind, is die proses veel minder gekompliseerd en energieduur as wat mens sou dink. Die vakuum kan in 'n gekombineerde adsorpsie/desorpsie toeringenheid deur gravitasie opgewek word en die minimale hitte wat deur die kookproses benodig word, kan deur sonenergie of laegraadse oorskiethitte voorsien word.

Waar gebruik in die landbou waarskynlik die meeste sin maak is in situasies waar water direk

aan die wortels van gewasse toegedien kan word. Hierdie sluit tonnelverbouing, hidroponeka, akwaponika en soortgelyke verbouingsmetodes in, waar opbrengste kan verdriedubbel teen 'n tiende van normale waterbehoeftes, volgens stu-dies gedoen deur Richard Groden van Island Sky Corp in Kalifornië. Wat ooplantverbouing aanbetrif, waar tien- tot honderdtalle kiloliters water per besproeiingsiklus toegedien word, maak dit minder sin, veral as oorhoofse- en opstroomkostes bygereken word. Ongelukkig maak groot dele van ons land staat op droëlandverbouing en is daar geen wondermiddel om droogte finaal die hoof te bied nie.

In die geval van veeteelt is die situasie weens die laer watervolumes betrokke meer rooskleurig, veral as vrektes en die noodverkope van vee weens droogte-omstandighede onvermydelik begin lyk. Steeds moet opstroomrealiteite in die oog gehou word as volhoubaarheid 'n voorwaarde moet bly. 'n Liter 'geoeste' water kan tot vier maal soveel water hoër op in die voorsieningslyn verbruik. In 'n lewe-of-dood situasie is dit nog aanvaarbaar, maar onder ander omstandighede sal daar dalk nog 'n bietjie gedink moet word.

Twee ewe swaar feite staar ons in die gesig: 1) daar is ongeveer 12 kwadriljoen

(12,000,000,000,000) liter water ten alle tye in die aarde se atmosfeer beskikbaar; en 2) wêreldwye beskikbaarheid van bruikbare water is in skerp afname. Die Verenigde Nasies beweer in 'n verslag dat daar vandag reeds 700 miljoen mense waterskaarste beleef. Daar word verder verwag dat ongeveer 1.8 biljoen mense absolute waterskaarste gaan beleef teen die jaar 2025 en dat, indien klimaatsmodelle korrek blyk te wees, die helfte van alle mense op aarde teen 2030 sonder genoegsame water gaan wees. Wat op die oomblik besig is om te gebeur met ons boere is skaars 'n voorsmak vir wat voorlê.

Met die sistemiese wanbestuur van bestaande watervoorrade is dit onwaarskynlik dat verligting van die kant van regeringsinstansies gaan kom. Wat moet gebeur sal op lokale vlak moet gebeur. Gemeenskappe sal die leiding moet neem en

begin beplan vir hulle eie behoeftes. Industrieë sal nie net aan tegnologiese behoeftes moet voorsien nie, maar ook moet deelneem aan die opleiding van dié aan wie hulle hul toerusting en materiale beskikbaar gaan maak. Verkort-Jacques van Zyl-Plaastoe.



Bron: <https://www.farmingportal.co.za/index.php/all-agri-news/nuus-afrikaans/379-lugvog-uit-die-atmosfeer-a-lopende-water-suid-afrika>

Come and join the
Algar Team

**WE ARE
HIRING!**

**ARE WE
LOOKING FOR YOU?**

Send your CV

algemeen@algar.co.za

Sales Representative

MOENIE



SIEN DIE SEISOEN NIE

STOP

ROOIWATER EN BOSLUISOORGEDRAAGDE GALSIEKTE (ANAPLASMOSIS) IN HUL SPORE



Reg. No. G4109 Wet 36/1947

Behandel & voorkom Asiatiese

rooiwater vir tot 4 weke

Behandel & voorkom Afrika

rooiwater vir tot 8 weke

Behandel bosluisoorgedraagde

galsiekte (Anaplasmosis)



Reg. No. G3911 Wet 36/1947
NSO V13/17.4.2/1187 Wet 13/2003

Behandel & voorkom Asiatiese

rooiwater vir 2 weke.

Behandel & voorkom Afrika

rooiwater vir 4 weke



vkb

idees vol
vrees®
Kobus Galloway



SANTA
SELECT SALE



SANTA SELECT SALE - 12 SEPTEMBER

Contact: Willie de Jager | +27 82 565 5445

Het jy geweet?



Die wyn- en druifproduksie is een van Suid-Afrika se grootste landbousektore en dit is veral so in Wes-Kaapland. Die wynbedryf is stewig as leier onder landbou-uitvoerprodukte gevestig en dra jaarliks meer as R22 miljard tot die land se ekonomie by.

HERFS VEILING

NOOITGEDACHT DORPERSTOET & KASTEEL WITDORPERSTOET



DAAN BOSMAN
082 929 8406

VRYDAG, 05 APRIL 2024
11H00 | UPINGTON SKOUGRONDE

GPS: 28.4377° S, 21.2470° E

AANBOD:

- 40 Dorper Ramme
- 15 Witdorper Ramme
- 15 Van Rooy Ramme
- 8 Persie Ramme
- 5 Boerbok Ramme

NAVRAE:

STIAAN VON WIELIGH (BKB)	082 844 6604
DAAN BOSMAN	082 929 8406
DEON KLOPPER (AFSLAER)	079 908 9753
CHARL SAUNDERSON	082 414 6146
DRIES WIESE	082 809 2949
PIETER WIESE	082 868 4828

VOG ONS OP: [FACEBOOK](#) [INSTAGRAM](#) [LINKEDIN](#) [YOUTUBE](#)

AFSLAERS: POSBUS 304, CRADOCK, 5880 TEL: 048 881 3090 FAKS: 048 881 2605 E-POS: BEMARK.CRADOCK@BKB.CO.ZA REG. NO. 1998/012435/06

TERME: Elektroniese betalings op dag van veiling. 2% Handingbelasting op alle aankondigingsaktes. Elektroniese oorkondingsafhandeling beperkbaar. PICA-dokumente word vereis by registrasieproses. Alle goedere word met 'n reserweprys verkopp en 'n reg bestaan om te bie die oor of nominaal die eiemuur of afstuur, tenzij anders aangestel. Die regulasies van die Wet op Verbruikersbeskerming 2008 is beskikbaar by <http://www.gov.za/documents/consumer-protection-act-regulations>. Besoek die veilingweb by www.bkb.co.za.

BESOEK ONS BY WWW.BKB.CO.ZA

f Herfsveiling **f Nootgedacht Dorpers Stud** **f Kasteel Wiese Besigheidstrust** **Virbac**

BKB
LEWENDEHAWE &
AFSLAERSDIENSTE

8th Production Sale **TYNDALL FARMING TRUST**

on behalf of Tony and Stuart Buchler with guest sellers Rob & Peter Featherstone and Rob Cawthorn

at the Strauss Sale Pens (Stutterheim)

GPS Co-ordinates: -32.4430724, 27.6263559

Friday | 19 April 2024 | 12h00

On Offer:

250 PREGNANT HEIFERS
(Beefmaster & Bonsmara type)



Certified to calve in Aug / Sep 2024. All animals run on virulent Redwater / Gallsickness / Heartwater veld and come from a CA & TB free herd.

**ENQUIRIES: STUART BUCHLER: 072 530 3695
TONY BUCHLER: 076 663 9930
GARY CAWTHORN (BKB) 082 321 0664
AUCTIONEER: TONY BURGER 082 456 9143**

**AUCTIONEERS:
P.O.BOX 304, CRADOCK, 5880
TEL: 048 881 3090 FAX: 048 881 2605
EMAIL: BEMARK.CRADOCK@BKB.CO.ZA
REG.NR. 1998/012435/06**

BKB
**LIVESTOCK &
AUCTIONEERING**

TERMS: Electronic payments only on day of auction. 2% Handling fee will be charged on all cash and card transactions. Electronic transfer facilities available. FICA documentation required during registration process. All goods are sold at a reserve price and the right to bid by or on behalf of the owner or auctioneer is reserved, unless otherwise indicated. The regulations of the Consumer Protection Act 2008 is available at <http://www.gov.za/documents/consumer-protection-act-regulations>. View conditions of sale at www.bkb.co.za

Open heifers on auction



CRE 22 24

LOT
31



LOT
32

CRE 22 18



CRE 22 14

LOT
33



LOT
34

CRE 22 09



LOT 12



MOS20-293 | GIA

with bull calf MOS23-576



OOSTELIKE
MEATMASTER
EASTERN CLUB

OOSTELIKE **MEATMASTER KLUB** VEILING

4 MEI 2024 @ 11:00
VEILINGSENTRUM, STANDERTON



AANBOD: 15 RAMME & 180 OOIE



Henk Kirchner 072 805 9064 • Andre Kirchner 079 533 9108 • Jacobus Pretorius 067 407 4670
Suzanne Cloete 066 479 5622 • Gareth Hughes (Afslaer) 071 130 5613




SANTA SELECT SALE - 12 SEPTEMBER

Contact: Willie de Jager | +27 82 565 5445

Graphic Design services

FROM PRINT DESIGN TO LOGO DESIGN AND EVERYTHING INBETWEEN.



- Brochures
- Reports
- Magazines
- Adverts (print and social media)
- Word and PPT formatting and template design
- Invitations
- Logos
- Corporate branding
- Signage
- Posters
- Letterheads • Business cards
• Flyers
- Transcribing (audio to text)

For more information please contact:

082 784 1838

cpietersen001@gmail.com

Resep

Crockpot Chicken Cordon Bleu

Hierdie heerlike crock pot hoender cordon bleu is belaglik maklik. Dit word gemaak met hoenderborsies, skywe ham, kaas, en 'n sous gemaak met gekondenseerde sop.

Die afgebeelde geregt is gemaak met Muenster-kaas, hoewel Switserse, Mozzarella, of enige dun gesnyde kaas mag gebruik word. Tandstokkies of spiesjies kan gebruik word om die hoenderrolletjies bymekaar te hou, of hulle op 'n paar plekke met 'n kombuisdraad vas te bind.

Wat jy benodig

- 1 1/2 tot 2 pond hoenderborshalwes (4 tot 6 klein hoenderborsies of kotelette)
- 4 tot 6 stukkies ham
- 4 tot 6 skywe Switserse of Mozzarella-kaas
- 1 kan room van sampioen sop (kan gebruik enige room sop)

Hoe om dit te maak

1. Hoenderborsies kan grootliks wissel. In 1 1/2 pond het jy dalk twee groot hoenderborsies of 4 kleintjies. As jy met groot hoenderborsies werk, sny elkeen halfpad horisontaal om twee dunner snyplante te maak.
2. Plaas 'n groot vel waspapier of perkament op die toonbank. Plaas die hoenderborshalwes of kotelette op die papier, en laat sowat 4 sentimeter tussen hulle. Bovenkant met 'n ander vel papier (of plastiek wrap). Smeer elke hoenderborsie of kotelet saggies met die gladde kant van 'n vleismenger of 'n ander soort gladde, swaar vleismenger.
3. Plaas 'n dun stuk ham op elke stukkie hoender. Sny die ham om in te pas, indien nodig. Plaas skywe kaas op die ham.
4. Rol die hoender, ham en kaas op en maak dit vas met tandestokkies of 'n stuk kombuisdraad.
5. Plaas die hoender in die stadige stoof, stapel, indien nodig.



6. In 'n bak kombineer die gekondenseerde sop en melk. Klits tot glad. Skep lepel oor die hoenderrolletjies.
7. Bedek en kook vir 1 uur op HIGH. Verminder die hitte tot LAAG en bly vir 3 uur kook, of totdat die hoender sag en gekook word.
8. Die minimum veilige temperatuur vir hoender is 165 F (73.9 C).
9. Bedien oor warm gekookte noodles of rys; Skep die sous oor die hoender.

Wenke en Variasies

Voeg 'n klein kruik gesnyde of vol sampioene (gedreineer) by die sous by, of sowat 6 tot 8 ounces gesnyde sampioene in 'n paar teelepels botter soteer en voeg dit by. Opgemaakte gedroogde sampioene sal 'n goeie toevoeging wees as gevolg van hul intense, aardse geur.

Garneer met gekapte vars pietersielie of grasui.

Gee die sous 'n dieper goue kleur met sowat 1/4 tot 1/2 teelepel sousbruinsous, soos 'n kombuisboeket of soortgelyke sous (in die sousafdeling in die meeste supermarkette).

Van Teresa "Dit is die beste resep wat ek so ver probeer het, baie lekker."

Bron: <https://af.hiloved.com/crockpot-chicken-cordon-bleu/>

Tag ons in jou foto's
@boerhier



@vaalkam dor_borane



@bonsmarasa



@serfbred_brahmane



@thaba_kwena_dormers



@tiptree_tulis



@sale_ofthe_bonts



Wat sé die Markte



Bees

A2/3 = R 54.24

B2/3 = R 46.11

C2/3 = R 44.01

SPEENKALF = R 31.54



Skaap

A2/3 = R 82.13

B2/3 = R 52.22

C2/3 = R 54.22

STOORLAM = R 37.00



Bokke

Ooie = R 42.91

Kids <30kg = R 46.24

Kids 30-40kg = R38.03

Kids > 40kg = R 43.52



Pluimvee

Bevroe = R 35.47

Vars = R 35.80

IQF = R 31.67



Vark

Porkers = R 32.13

Baconers = R 31.86



Safex

Mielies = R 5159 /t

Sojabone = R 8520 /t

Sonneblom = R 9190 /t

Koring = R 6180 /t



Geld Eenhede

R / \$ = R 18.88

R / £ = R 23.87

R / € = R 20.46

Soos by 23 Maart 2024

www.amtrends.co.za



Vorige Uitgawes

BOERhier
'n Boer is geluk seun God

GRATIS
Uitgawe 29
29 Februarie 2024
www.boerhier.co.za

Die Tuli Beeste Storie

BOERhier
'n Boer is geluk seun God

GRATIS
Uitgawe 30
29 Januarie 2024
www.boerhier.co.za

Belangrike enkelgeeneienskappe by vleisbeeste

BOERhier
'n Boer is geluk seun God

GRATIS
Uitgawe 31
29 Desember 2023
www.boerhier.co.za

Braaf die Boerboel

BOERhier
'n Boer is geluk seun God

GRATIS
Uitgawe 32
29 November 2023
www.boerhier.co.za

Hartwater in bokke

BOERhier
'n Boer is geluk seun God

GRATIS
Uitgawe 33
29 September 2023
www.boerhier.co.za

Genetika met 'n verskil

BOERhier
'n Boer is geluk seun God

GRATIS
Uitgawe 34
29 Augustus 2023
www.boerhier.co.za

Van-Rooy, die skaapras vir elke boer

Kliek hier



BOERhier

'n Boer is gekies deur God



Josua 1:5

'Niemand sal voor jou standhou al die dae van jou lewe nie; soos Ek met Moses gewees het, sal Ek met jou wees;...'

- In hierdie vers beloewe God vir Josua Sy beskerming en teenwoordigheid in sy lewe.
- Onthou dat God oor elke situasie in jou lewe soewerein is.
- Sy voortdurende teenwoordigheid sal jou die leiding, krag en hoop gee wat jy nodig het.
- Dus kan jou hart met hoop gevul word want die Here bly getrou.

Gebed: Vader, dank U dat waar ek op die randjie van mōre, met al sy onsekerhede en hoop staan, ek dit doen met die volle wete dat U met my is. U sal my lei, U sal my rig en U sal my die oorwinning gee. Amen.

Lizelle

Dankie dat jy lekker saamgelees het! Stuur hierdie e-tydskrif aan na jou kontakte toe sodat hulle ook deel kan wees van ons familie!